

Lêer verw/
File ref: 15/3/3-15/10

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

20 Oktober 2015

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Per Geregistreerde Pos

Meneer/ Dame

**WYSIGING VAN GOEDKEURINGVOORWAARDES OP GEDEELTE 1 VAN PLAAS
GOEDGEDACHT NO. 1064, AFDELING MALMESBURY**

U aansoek gedateer 14 Oktober 2015 met verwysing MAL/9367/ZN, rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir wysiging van goedkeuringsvoorwaarde 1(a) van die Raadsbesluit gedateer 11 September 2013 rakende die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte (groot $\pm 350\text{m}^2$) van gedeelte 1 van die plaas Goedgedacht no. 1064, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na institusionele sone 1 ten einde 'n onderrigplek (jeugsentrum) op te rig, ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015), goedgekeur soos volg:

"... 1(a) dat die uitbreiding van die bestaande jeugsentrum beperk word tot $\pm 402\text{m}^2$..."

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

Afskrifte: Boubeheerbeampte

Rede vir die besluit:

- Die jeugsentrum is in Oktober 2013 deur die Raad oorweeg en goedgekeur. Die grootte van die jeugsentrum is beperk tot 350m².
- Die uitbreiding behels 52m² en is aanliggend tot en sal deel uitmaak van die bestaande sentrum.
- Die jeugsentrum voorsien opvoeding aan minder bevoorregte en benadeelde mense in die area.
- Die uitbreiding van die gebou het geen impak op omliggende eienaars nie en sal voldoen aan die behoeftes van die sentrum.
- Gebou sal argitektonies by die geboue karakter aanpas.

Aanbeveel deur Senior Bestuurder Bou-omgewing : _____

Goedgekeur deur Direkteur : Ontwikkelingsdienste : _____

Datum : _____